

**Skrifgedeelte: Lukas 2:8-21**

**Fokusgedeelte: Lukas 2:14**

**Vrede deur Christus**

Waarvoor moes die Verlosser kom? Baie mense dink hierdie Verlosser het gekom om 'n einde aan al hulle swaarkry te maak. In baie kerke word daar verkondig dat jy nie meer arm sal wees nie, jy wat verlam is, sal kan loop, jou ongeneeslike siektes sal genees word of dat jy die politieke mag sal besit.

God se evangelie is egter die tyding van vrede deur Christus. *Verlosser* beteken volgens Lukas 1:79 en Handeling 5:31 vergewing van sondes en nie die bevryding van Rome nie. Matteus beklemtoon dit (1:21): *“Sy sal 'n Seun in die wêreld bring, en jy moet Hom Jesus noem, want dit is Hy wat sy volk van hulle sondes sal verlos.”*

Daarom kan die verlossing alleen van God af kom. Hierdie verlossing word verkondig deur Christus se evangelie van vrede. Dit gaan in vers 14 om baie meer as blote aardse geluk en vrede. Die groot vrede is daarin dat God 'n welbehae in mense het. God kies in sy goeie wil om mense te red. Jy het vrede in die sekerheid dat jou sonde vergewe is, want jou verlossing hang nie van jouself af nie. Ek weet ek het die ewige lewe omdat God dit aan my beloof. As Christus jou Verlosser is, is die belofte van vrede ook joune.

Hoe kan die engele anders as om uit te roep: *“Eer aan God in die hoogste hemel!”* Hulle ken Christus van die skepping af. Hulle weet van die sondeval. Daarom staan hulle verwonderd oor die liefde wat God aan die sondaarmens bewys. Die Allerhoogste het na die aarde gekom om in armoede en nederigheid die mens te verlos. Sy enigste wieg is die krip in 'n stal. Dit sodat die mens vir wie Hy lief is, vrede kan hê.

*Sing: Skrifberyming 4-6*

*Ds. MJ (Thys) Erasmus (Pretoria-Magalieskruin*